SINODE 2018 - DIE PAD VORENTOE

(Gespreksforum 3 - Noordrand - 24 Maart 2018)

Geliefde Broers en Susters, Medestanders,

Dankie vir die geleentheid om in die nadraai van Sinode 2018 met u ’n paar gedagtes te wissel oor die pad vorentoe - veral wat die saak van VIDA[1] betref.

Begin vertoning

Ek wil my bepaal by drie vrae:

1) WAT IS DIE SITUASIE?

2) HOE VOEL JY DAAROOR?

3) WAT STAAN ONS NOU TE DOEN?

Verdere vertoning

So dan - **WAT IS DIE SITUASIE?**

Samevattend wil ek dit stel dat ons na Sinode 2018 deel is van:

- ’n KWYNENDE kerkverband,
- ’n VERDEELDE kerkverband,
- ’n (in Suid-Afrikaanse konteks grootliks) IRRELEVANTE kerkverband,
- ’n (deur die biblisiste) GEKAAPTE kerkverband,
- ’n LIEFDELOSE kerkverband en
- ’n (in bepaalde opsigte) ’n VALSE kerkverband.

Oor elkeen kan ek langer of korter praat. (U kan miskien maar net die beredenering onder elke punt tuis gaan lees - ek wil my haas na hoe ons daaroor voel, en wat ons daaraan kan doen)

Verdere vertoning

[1] Afkorting vir Vrou in die Amp. Persoonlik verkies ek om te praat van “Vrou in die besondere dienste”, maar ter wille van die bruikbaarheid en bekendheid van die afkorting val ek in by VIDA.

’n Kwynende kerkverband

Die GKSA is al vir die laaste 30 jaar ’n kwynende kerk. Indien die huidige tendense voortduur, sal daar oor nog 30 jaar waarskynlik geen GKSA meer wees nie. Daar is ook reeds aanduidings dat die kerk as kerkverband vroeër eerder as later sal inplof omdat dit nie meer sy verpligtinge kan nakom nie

Verdere vertoning

’n Verdeelde kerkverband

Daar is langstaande spanningslyne in die kerkverband oor ’n verskeidenheid van sake, waarvan VIDA seker tans die mees opmerklike is. Aan die wortel van hierdie spanning lê myns insiens ’n biblisistiese hermeneutiek van ’n bepaalde dominante groep in die kerk, wat sy eie insigte in die Skrif tot die Skrif self verhef, en wat baie onverdraagsaam en krities staan ten opsigte van die insigte en standpunte van andere.

Die verdeeldheid in die kerkverband word ervaar in onderlinge twis en liefdeloosheid. ’n Atmosfeer van verdagmakery en suspisie heers in die kerk.

Verdere vertoning

‘n Irrelevante kerkverband

Alhoewel die deputate vir ekumenisiteit enorme bedrae geld spandeer om kontak met ’n (onbegryplik) groot aantal kerke van oor die hele wêreld te probeer onderhou, is dit duidelik dat die GKSA hom deur sy standpunt oor VIDA toenemend isoleer.

Wêreldwyd breek die insig by Reformatoriese kerke deur, dat daar niks in die Skrif is wat die toelating van vroue tot die besondere dienste verhinder nie. Net in 2017 al het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (wat altesaam 80 miljoen gereformeerdes verteenwoordig) besluit dat al sy lidkerke teen 2024 die ampte vir alle geslagte sal oopstel. Ook die Gereformeerde Kerke *Vrijgemaakt* in Nederland (wat bekend is vir sy behoudende standpunte en Skrifverstaan en met wie ons historiese en noue bande het) het in 2017 besluit dat vroue in al die besondere dienste in die kerk mag dien. Die kerke wat vroue verhinder om in die ampte te dien, is in die wêreld toenemend kleinerwordende splintergroepe.

In die sosio-politiese konteks van Suid-Afrika vandag is dit ook ondenkbaar dat enige organisasie, wat ook maar in die geringste mate diskrimineer, deur die samelewing aanvaar sal word of effektief in die samelewing sal kan opereer. Die kerk kan "omkeer" of "*expando*" soos hy wil, maar solank diskriminasie op grond van geslag in die kerk voortduur, sal sy getuienis oor die evangelie van Jesus Christus vir ’n groot deel van die bevolking ongeloofwaardig wees. Gevolglik kan so ’n kerk ook nie beduidende groei in getalle verwag nie.

Verdere vertoning

<u>’n Gekaapte kerkverband</u>

By ’n vorige geleentheid (Gespreksforum 2) het ek verduidelik hoe verandering van standpunt of teorie (wetenskaplik beskou) altyd deur drie fases gaan.

Die normale of voor-wetenskaplike fase, waar ’n bepaalde situasie algemeen aanvaar word omdat dit "nog altyd so was". ("Vroue het nog nooit op kerkrade gedien nie"). So was dit wat VIDA betref tot 1988.

Daarna volg die kritiese fase waar verskillende ander moontlikhede ondersoek word en standpunte geformuleer word. Dit is die tydperk tussen 1988 en 2009 - toe daar na lang studie uiteindelik twee rapporte met twee eksegeses en twee uitkomste op die Sinode (2009) se tafel was.

Dan volg die politieke fase - wanneer daar bepaal word watter teorie die dominante is. Van 2009 af tot vandag toe is ons in die GKSA wat VIDA betref in die politieke fase van ’n teorieverskuiwing of paradigmaverandering. In hierdie fase speel eksegese en beredenering nie regtig meer ’n rol nie. Dit gaan om mag en om die invloed wat jy het om ’n bepaalde teorie te laat seëvier.

Verdere vertoning

Dit moet vir almal wat vandag hier is en wat die saak van VIDA goedgesind is duidelik wees dat ons in die laaste dekade die politieke stryd verloor het. Die eksegese wat die standpunt wat VIDA ondersteun, is na my mening in talle opsigte baie beter hermeneuties verantwoord, en is wetenskaplik-tegnies meer gebalanseerd, genuanseerd en voortrefliker as die eksegese van die teenparty. Nogtans het ons die politieke stryd - die stryd om mag - verloor.

Ons sit dus met die heel beste standpunt - Bybels korrek, moreel regverdigbaar, sosiaal relevant - maar ons het nie die mag om die standpunt in praktyk te stel nie.

Die rede waarom ons die politieke stryd verloor het, is myns insiens, omdat die teenstanders van VIDA oor die jare suksesvol daarin geslaag het om die Sinode van die GKSA te kaap. Dit is ’n ernstige aanklag, maar die vermoede dat presies dit besig is om te gebeur, het 2009 by my posgevat na aanleiding van persoonlike gesprekke wat ek met verskeie afgevaardigdes tydens verskillende Sinodes gehad het. Uit hierdie gesprekke kon ek die volgende aflei:

- Die meerderheid van die ouderlinge met wie ek gepraat het, het nie die beswaarskrifte teen die Sinode-besluit (om vroue uit die amp van ouderling en predikant te weer) gelees nie.
- Diegene wat nie die beswaarskrifte gelees het nie, was nogtans amper eenstemmig in hulle oortuiging dat hulle teen hierdie beswaarskrifte moes stem.
- Die redes wat aangevoer is, was in sommige gevalle bloot die persoonlike aanvoeling, dat vroue-ouderlinge en predikante “verkeerd” is.
- In verskeie ander gevalle is daar egter ook erken dat hulle teen die vrou in die amp gaan stem, omdat hulle opdrag van hulle kerkraad of predikant gehad het om dit te doen.
- Daar was ook duidelike aanduidings dat daar in sommige klassisse en moontlik selfs streeksinodes vooraf onderling ruggespraak gehou is oor wie na die Sinode afgevaardig moet word, met die uitsluitlike doel om nie persone wat die saak van VIDA goedgesind is af te vaardig nie, en om sodoende ’n meerderheid teen VIDA in die Sinode te bewerk.

Al bogenoemde berus op hoorsê, en kan dus nie op sigself as bewys dien dat die Sinode inderdaad gekaap is nie. Tog is daar ook feitlike bewyse wat in hierdie verband aangebied kan word.

Begin vertoning

<u>Bewys 1</u>
Dit is uit statistieke van die laaste 5 Sinodes duidelik dat al minder persone die Sinodes bywoon en dat al minder persone dus die besluite neem wat vir die hele kerkverband moet geld.

Sinode	Aantal predikante	Aantal ouderlinge	Totaal
2009	142	121	263
2018	122	92	214

Verdere vertoning

Bewys 2

Onder bogenoemde kleiner getal besluitnemers was daar oor die jare verder ’n toenemend kleinerwordende getal nuwelinge (persone wat nie voorheen by ’n Sinode was nie). Die getal nuwelinge het in die laaste 5 Sinodes gehalveer.

Sinode	Nuweling-predikante	Nuweling-ouderlinge
2012	42	86
2018	20	42

Verdere vertoning

Vanuit Streeksinode Bosveld en Pretoria was daar byvoorbeeld in die afgelope 10 jaar slegs 14 predikante-nuwelinge by die Sinode. Verdeel tussen die 5 Sinodes wat in hierdie tyd plaasgevind het, is dit maar 2,8 nuwelinge per Sinode.

’n Ongesonde kultuur van geestelike inteelt is die resultaat. Nuwe stemme of idees word feitlik nie gehoor nie, of word onder die druk van die (ervare) meerderheid in die kiem gesmoor.

Verdere vertoning

Bewys 3

‘n Relatief klein groepie predikante domineer oor die afgelope 10 jaar die Sinodes van die GKSA, asook die besluite wat daar geneem word. Die afgelope 5 Sinodes van die GKSA het in totaal byvoorbeeld 1325 potensiële predikante-bywoners gehad. In werklikheid het egter slegs ’n totale getal van 253 predikante in hierdie tydperk (van 10 jaar) aan die Sinodes deelgeneem.

As in gedagte gehou word dat daar onder hierdie 253 afgevaardigde predikante ook persone is (moontlik 30% of meer) wat ten gunste van VIDA is, dan is dit eintlik ’n verstommende klein minderheid van die totale aantal predikante wat namens die hele kerkverband besluite neem en wie se standpunt seëvier. Die kleinerwordende aantal nuwelinge in hierdie groep besluitnemers dui verder

daarop dat daar ’n klein groepie van ongeveer 30-40 predikante is, wat hulle by die Sinodes van die GKSA goed gevestig en strategies geposisioneer het om besluite namens die hele kerkverband te neem en om met alle mag vroue uit die amp te weer.

Verdere vertoning

Bewys 4

Hierdie aanname word bevestig deur die feit dat die Sinodes van die GKSA in die afgelope 10 jaar ’n toenemend harde standpunt teen die vrou in die amp ingeneem het.

By die Sinode van 2009 was dit byvoorbeeld nog aanvaar dat daar twee standpunte oor VIDA bestaan, wat deur 2 eksegeses ondersteun word. Hierdie eksegeses is beide Skrifgetrou en Gereformeerd bevind en ’n gesekondeerde voorstel was op die tafel dat die saak aan dan die plaaslike kerke oorgelaat moet word. (Op ’n tragiese [en onregmatige] wyse is ’n stemming toe egter tussen die twee standpunte afgedwing.)

Teen Sinode 2018 het hierdie gematigde standpunt egter al so verander en verhard, dat die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant deur die Sinode tot ’n wesenlike saak verklaar (2015) en sedertdien ook so hanteer is. Die biblisiste het selfs daarin geslaag dat die Sinode die eksegese wat hulle standpunt ondersteun vir sy eie rekening neem (in die geskiedenis van die GKSA ’n ongehoorde stap). In feite sit ons dus nou met ’n Sinode wat ’n stuk tradisie (interpretasie van die Skrif) *ex kathedra* as onfeilbaar en gelyk aan die Skrif verklaar het en dit ook so hanteer.

Verdere vertoning

’n Liefdelose kerkverband

Nie alleen is die kerk deur sekere persone met ’n bepaalde standpunt gekaap nie, maar die mag wat op hierdie manier bekom is, word ook gebruik om voorstanders van VIDA in die kerk en kerkverband te vervolg.

Enige besware of bespreking ten gunste van VIDA is dan ook sedert Sinode 2016 en 2018 (met getallemeerderheid) van die hand gewys, dikwels bloot op grond van die tegniese aanspraak dat “hierdie saak klaar hanteer is” en die besluit klaar

geneem is. Gewetenloos word voorstanders van VIDA se gewetens so deur die Sinode gebind.

Die beswaarskrifte wat wel nog deur die Sinode ter tafel geneem is, is na kommissies verwys waarvan die meerderheid lede dikwels persone was wat teen VIDA gekant was en waarvan die voorsitter meesal ’n bekende felle teenstander van die saak was. Bepaalde adviseurs speel ook ’n sleutelrol, daarin dat hulle uitgewerkte antwoorde aan hierdie kommissies voorsien, wat dan dankbaar net so deur die kommissies oorgeneem word (die professor het mos gepraat). Die voorspelbare negatiewe aanbevelings van hierdie kommissies aan die Sinode (hoe swak en ondeurdag ook al) word dan in die Sinode gerubberstempel (bloot met getallemeerderheid aanvaar).

Met ’n beroep op die Sinodebesluit oor VIDA het sommige kerke en klassisse reeds daartoe oorgegaan om gemeentes wat vroue as ouderlinge het “buite verband” te verklaar.

Miskien besef ons, as voorstanders van VIDA, nie aldag wat die Sinode van die GKSA se huidige besluite formeel beteken nie. Die besluit dat die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant ’n wesenlike saak (belydenissaak) is en dat gelowiges nie hieroor van mekaar mag verskil nie, beteken dat selfs net die standpunt of oortuiging ten gunste van VIDA ’n dwaling is en dat dit glad nie in die kerk verdra mag word nie. Enige lidmaat of gemeente wat hierdie standpunt huldig (al het jy nie formeel vroue as ouderlinge bevestig nie) - al is dit net jou standpunt - dwaal volgens die Sinode, en moet na behore getug en uit die GKSA geban word.

Verdere vertoning

’n (in bepaalde opsigte) ’n VALSE kerkverband

In bogenoemde besluite en gedrag van die Sinode van die GKSA begin ons sommige van die merktekens sien wat deur ons Belydenisskrifte aan ’n valse kerk toegeskryf word:

- Dit stel die gewoonte (tradisie), groot getalle en kerklike vergaderings aan die woord van God gelyk (Art 7, NGB)
- Dit skryf aan homself en sy besluite meer mag toe as aan die woord van God (Art 29, NGB)
- Dit vervolg hulle wat volgens die woord van God reg lewe (Art 29, NGB)

Die 2018-beswaarskrif van Noordrand, Wapadrant en Cachet oor die bediening van valse gesag deur sinodes van die GKSA, en ook die (skokkende) swak wyse waarop dit deur die Sinode beantwoord en hanteer is, bied afdoende getuienis dat bogenoemde merktekens by Sinode 2018 aanwesig was.

Verdere vertoning

HOE VOEL JY DAAROOR?

Ons kom nou by dit - wat vir my persoonlik - seker die belangrikste deel van my voordrag en ook ons saamwees vandag hier is.

U sien die situasie waarin ons verkeer. En u sien hoe dit gaan in ons geliefde GKSA. Hoe die kerk agteruitgegaan het en deur die biblisiste gekaap is en en toenemend verskeur word. En, ek vra jou vandag in alle erns: Hoe erg is dit vir jou? Dis ’n persoonlike vraag. Maar voor jy nie duidelikheid het oor hierdie vraag nie, sal jy van hier af weggaan - en jy sal nie weet wat om te doen nie - en daarom niks doen.

So - Hoe erg is die situasie vir jou?

- Is die situasie in die kerk vir jou net ’n interessante debat?
- Dink jy - ons moet maar net tyd gee - die saak sal homself uitsorteer.
- Of, voel jy - die saak is ’n blote verskil tussen broers - waarin ’n mens maar die minste moet wees - en wat jy maar moet verdra.
- Is jou belangrikste gedagte dat dinge net nie op die spits gedryf moet word nie - jy wil graag vrede in jou gemeente/ in jou bedieningstyd hê.
- Gaan dit vir jou maar net daaroor dat jy die vroue wat die nodige gawes het jammer kry omdat hulle nie mag dien nie.
- Is die saak vir wel jou ernstig - maar eenheid is vir jou belangriker - ons kan nie nog verdeeldheid bekostig nie.
- Sien jy biblisistiese Skrifhantering wat dikwels die botoon voer in die Sinode se debatte as ’n ernstige gevaar vir die Gereformeerde Kerk?
- Beleef jy die kaping van die Sinode deur bepaalde persone met bepaalde standpunte en die wyse waarop hulle in die Sinode mag uitoefen as ’n aantasting van Christus se regering in die kerk.
- Is die verheffing van die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant tot wesenlike belydenissaak vir jou ’n onreg en ’n dwaling.

- Is die voortgesette diskriminasie teen vroue in die naam van die Here vir jou ondraaglik.
- Is die besluitneming deur die Sinode (Sinodokrasie) bloot op grond van tradisie en getalle vir jou in stryd met die belydenis.
- Bemerk jy tekens van ’n valse kerk wat valse gesag bedien in die optrede van die Sinodes van die GKSA?

Hoe erg is dinge in die GKSA vir jou?

Verdere vertoning

Kom ons trek ’n streep. As jy nog onder die rooi lyn is - Broer en Suster - dan mors ons waarskynlik net mekaar se tyd. Jy gaan hier sit en huis toe gaan en niks doen nie. Die kerk gaan dan aanhou krimp, irrelevant raak en ontaard. Die langbebaarde manne van die Esra-beweging met hulle groot gesinne sal waarskynlik gaandeweg die beheer van die kerk oorneem en gaan met hulle biblisistiese Skrifverstaan verwoesting saai oor allerhande sake - nie net die saak van VIDA nie. Die diskriminasie teen die Gereformeerde vrou gaan voortduur en uiteindelik sal ons dalk ook nie meer Kersfees vier nie.

As jy bokant die rooi lyn is - en miskien ook nog ernstiger dinge raaksien as wat ek genoem het, is dit my aanbeveling dat ons dringend saam moet praat en moet optree. As ons werklik kinders van die reformasie in murg en been is en as ons ons kerk liefhet, moet ons vandag ’n aksieplan beraam wat onverwyld in praktyk gebring word. Dit gaan uiteindelik oor meer as die saak van VIDA.

Verdere vertoning

So, **WAT KAN ONS DOEN?**

Kan ons teruggaan Sinode toe? Ek het al by die vorige Gespreksforum beredeneer waarom dit na 2015 nie meer sin het om met die saak van VIDA na ’n Sinode van die GKSA te gaan nie. Nogtans het sommige van ons baie moeite gedoen en met groot verwagting hulle sake aan Sinode 2018 gaan voorlê.

Vandag kan ons met sekerheid sê dat daar ’n vertrouensbreuk tussen ons en die Sinode van die GKSA ontstaan het. Hierdie vertrouensbreuk is nie soseer ’n agterdog in die Sinode as instelling nie - maar eerder ’n wantroue in die persone (en die motiewe van die persone) wat die afgelope 10 jaar of meer die Sinodes

van die GKSA gedomineer en met hulle biblisistiese Skrifverstaan in ’n bepaalde rigting gestuur het.

Solank hierdie persone hulle getallemeerderheid en posisie van mag in die Sinode behou, is die Sinode nie die plek is om die saak van VIDA te bevorder nie. Enige beswaarskrif sal nie soseer in die lig van die Skrif beoordeel word nie, maar in die lig van die bestaande tradisie. Dit kan verwag word dat dit wat by Sinode 2016 en 2018 gebeur het weer sal gebeur. Goedgemotiveerde beswaarskrifte sal nie behoorlik beoordeel word nie, maar sal telkens bloot deur dieselfde gedagtelose en georkestreerde meerderheid deur te stem van die hand gewys word.

(Wie nog met besware na die Sinode wil gaan - en daar is verseker nog baie gronde vir besware - doen dit nie om die Sinode te oortuig nie, maar bloot as ’n getuienis voor die kerk en wêreld, wat in die geskiedenis van die GKSA opgeteken sal word, dat daar lidmate en kerke van die GKSA is en was wat die voortgesette diskriminasie teen vroue in die naam van die Here nie aanvaar het nie en wat opgestaan het teen die ontaarding en verwording van ons kerk.)

Met die Sinode het ons dus myns insiens voorlopig ’n doodloopstraat bereik.

As daar genoeg medestanders is, genoeg persone en kerke, wat nie niks wil doen nie, maar wat met ’n goeie gewete ter wille van die behoud van die kerk en ter wille van die goeie saak van VIDA ’n ander pad wil volg, bestaan die weg, na my mening, uit vier stappe:

- VERSTAAN
- VERTEL
- VERANDER
- VERENIG

Verdere vertoning

Eerstens - VERSTAAN

Verstaan hoe werk die verandering van kerklike praktyk. Die idee bestaan dat dit Sinodes is wat kerklike praktyk en gebruike verander. Dit is wat my betref grootliks ’n ongeldige aanname.

Maarten Luther het wel sy 95 stellings teen die kerkdeur van Witteberg opgesit. Maar kerklike vergaderings is nie hierdeur oortuig nie. Daar was verskeie byeenkomste en Ryksdae (Sinodes) waar Luther sy standpunte moes gaan stel en verdedig. Hierdie kerklike vergadering het egter niks verander nie, maar bloot die

tradisie verdedig en herbevestig en Luther op allerhande maniere gedreig. Die verandering het nie van kerklike vergaderings af gekom nie maar het op grondvlak gebeur toe die mense begin het om nie meer aflaatbriewe te koop nie en die Skrif self te bestudeer en saam te vergader.

So het in die GKSA die kerklike vergaderings nog besin oor die hoed en oor kleredrag en oor langbroeke - en was sommige kerkrade inderdaad nog besig met tugstappe teen vroue - toe die vroue eenvoudig eendag op grondvlak besluit het: “Ons doen dit nie meer nie”. En alhoewel die Skrif duidelik sê dat ’n vrou haar hoof moet bedek as sy aanbid - en ek my nie kan indink hoe mense met ’n biblisistiese Skrifbeskouing by hierdie opdrag verby kom nie - het die kerklike praktyk onherroeplik verander. Die vroue doen dit nie meer nie - finish en klaar - al staan dit (volgens sommige) in die Bybel.

Nog ’n voorbeeld: Die arme deputate vir liturgiese sake sit steeds nagte deur en vis en worstel om tog maar - as dit moontlik is - enige dwaalleer in die Liedboekliedere te vind - ondertussen sing die meeste kerke die Liedboek, en Vlam en Vonk-liedere én die Lifela tsa Sione - gewoon onder die toesig van die plaaslike kerkraad - soos dit tot stigting geag word.

Nog ’n voorbeeld: Sommige professore reik nog steeds lang adviese uit waarom ’n mens die Nagmaal net met bekers mag vier. Maar op grondvlak vier die meeste kerke lankal die Nagmaal ook met kelkies, en volgens die praktyke wat daarvoor by hulle in gebruik is.

Wat leer ons hieruit? Kerklike praktyk verander van grondvlak af. En - as dinge op grondvlak verander - vind die Sinodes en kerklike vergaderings wel mettertyd ’n manier om dit te verklaar of goed te praat. As ons dus in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vroue in al die ampte wil hê, moet ons dit op grondvlak laat gebeur.

Verdere vertoning

Dit bring my by die tweede punt: VERTEL

As jy dinge op grondvlak wil verander - moet jy mense inlig. Dit mag wees dat die saak van VIDA in die GKSA reeds 30 jaar in die nuus is en dat die meeste mense se standpunte in dié verband reeds gevorm is, maar daar heers grootskaalse onkunde oor die inhoud en verloop van die saak, asook oor die huidige standpunt van die Sinode. Min lidmate kan hulle byvoorbeeld deeglik vanuit die Skrif verantwoord waarom vroue tot die ampte toegelaat behoort te word of nie.

Tragies, is dat dit meesal vroue is wat oor die saak van VIDA oningelig is en wat onbetrokke bly. Die saak raak eintlik die Christen-vrou se posisie in Christus ingrypend, maar nog nooit by enige Sinode het die Gereformeerde vroue in hierdie saak formeel aan die woord gekom nie. Hulle stem is nie gehoor nie. Mans het vir 30 jaar oor vroue besluit en die Gereformeerde vroue het dit maar so aanvaar en dit gewoond geraak!

Persoonlik meen ek dat as ons die saak van VIDA op grondvlak wil verander, lê die vertrekpunt in die effektiewe toerusting en mobilisering van die Gereformeerde vrou. Ons sal saam moet besin oor hoe dit kan gebeur. Self, het ek (juis met dit in gedagte) ’n inligtingstuk opgestel wat hier beskikbaar is as u dit sou wou gebruik.

Verdere vertoning

Die boekie se titel is: Gereformeerde Vroue word wakker! Jou kerk is gekaap. In die boekie gee ek ’n kort oorsig oor die verloop van die saak van VIDA by die verskillende Sinodes, gee ek by wyse van vrae en antwoorde kennis deur oor hoe die verskillende tersaaklike Skrifgedeeltes verstaan kan word, en hoe dit deur die Sinode verkeerd verstaan word. Verder verduidelik ek hoe die kerk deur ’n bepaalde standpunt gekaap is en maak ek ook voorstelle oor wat vroue in hulle situasie in elke plaaslike gemeente kan doen. Miskien kan ons met almal se insette hierdie inligtingstuk finaliseer en dit dan as papierkopieë en ook elektronies so wyd moontlik onder Gereformeerde vroue versprei.

Verdere vertoning

Dit bring ons by die derde punt: VERANDER

Om die saak van VIDA in die GKSA te bevorder, sal ingeligte mense op grondvlak die kerklike praktyk moet verander. Die dae het aangebreek dat almal wat dit met die saak van VIDA erns het (wat in hulle belewing van die onreg in hierdie saak bokant die “rooi lyn” is) ’n vaste besluit neem om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense.

Dit beteken in die praktyk dat soveel as moontlik gemeentes die besluit moet neem om voortaan nie meer geslag in aanmerking te neem by die verkiesing en bevestiging van ampsdraers nie en dat hulle inderdaad ook moet voortgaan om bekwame en geroepe vroue as ouderlinge te bevestig. Dit kan nie maar net ’n paar gemeentes bly wat die daad by die woord voeg nie. Hoe meer gemeentes in

die saak van VIDA doen wat in hulle gewete voor God reg is, hoe groter word die kans dat die kerklike praktyk sal verander.

In hierdie saak is geen lidmaat of vrou in sy of haar gemeente magteloos nie. Twee of meer persone kan vra dat daar in die gemeente ’n vergadering van die kerkraad en die gemeente gehou word oor die saak van VIDA. Die saak kan daar en dan tot stemming gebring word. Mans en vroue het stemreg in die gemeente. Wanneer die saak met meerderheid van stemme beslis is, is dit die amptelike standpunt van die gemeente, en kan daaraan uitvoering gegee word.

Aangesien ons met ’n Sinode sit, wat bloot deur middel van stemming en met getallemeerderheid besluit het dat vroue nie ouderlinge of predikante mag word nie, het plaaslike gemeentes sekerlik eweseer die reg om sodanige stemming oor die saak te hou.

Hierdie aanbeveling word ook as ’n voorstel in die inligtingsdokument waarna ek verwys het aan Gereformeerde vroue gedoen.

Verdere vertoning

Laastens praat ek oor: VERENIG

Dit is krities belangrik dat ons in die bovermelde sake moet saamstaan en verenig. Om die kerkverband te verander as blote individu of as ’n enkele gemeente is myns insiens ’n onbegonne taak en maak jou net ’n teiken vir vervolging deur die kerkregtenaars en biblisiste. As daar na vandag nie duidelikheid is dat ons genoeg ondersteuning het om saam ’n bepaalde pad te loop nie, moet ons as Gespreksforum ontbind en die goeie saak laat vaar. Die geskiedenis moet dan sy verloop neem en sal oor ons optrede - of die gebrek daaraan - oordeel. Ons roeping lê egter, wat my betref, in daadwerklike gesamentlike optrede.

Wat ek voorstel, is dat gemeentes wat die saak van VIDA goedgesind is hulleself in ’n nuwe klassis organiseer. Indien daar genoeg deelnemende kerke is, kan daar ’n klassis in die noordelike deel van die land wees (Klassis Debora) en ’n klassis in die suidelike deel van die land wees (Klassis Hulda).

Hierdie klassisse doen dan aansoek om onder die Streeksinode Randvaal en/of die Suidelike Streeksinode te ressorteer.

Verdere vertoning

Hierdie gesamentlike verbinding van alle medestanders tot een klassis is noodsaaklik:

- Om gestalte te gee aan ons belydenis van ’n heilige algemene Christelike kerk.
- Om saam te vergader onder ’n openlike verklaring waarin ons dit duidelik stel dat ons ons nie verbind aan die besluite wat die Sinode oor VIDA geneem het nie.
- Om as kerke die hartlike, gelowige samewerking en ondersteuning - wat ons so lank moes ontbeer - aan mekaar te gee.
- Om mekaar (soos die kerkorde bepaal) te adviseer oor kerklike aangeleenthede in die algemeen, en om in die besondere aandag te gee aan hoe vroue vandag ’n rol kan speel in die uitbou van die koninkryk en die opbou van die plaaslike gemeente.
- Om mekaar te beskerm teen die noodwendige kerkregtelike geweld van teenstanders van VIDA wat sal volg.
- Om saam te besin oor maniere waarop ons ons erns oor die saak van VIDA in die GKSA en ook wêreldwyd bekend kan maak.
- Om saam besluite te neem rakende finansiële aspekte soos ramings, bydraes tot die Kas vir Teologiese Studente ens.

Indien ons hierdie voorstel (die verbinding tot ’n nuwe klassis) wil laat werk, lyk dit vir my belangrik dat ons vandag reeds ’n datum bepaal van die eerste vergaderings van Klassis Debora (en Hulda). Daar moet genoeg tyd wees om hierdie saak aan ons kerkrade voor te lê, maar dit is aangewese dat ons ’n datum het - nog in die eerste helfte van hierdie jaar - waartydens ons as kerke dan saam in ’n nuwe klassis begin vergader.

Verdere vertoning

Die pad vorentoe loop dus myns insiens langs twee weë:

1) Niks doen, of

2) Langs die weg van:

- VERSTAAN
- VERTEL
- VERANDER
- VERENIG

Sommige sal sê dat dit die pad is wat op kerkskeuring kan uitloop. Ek sien en bedoel dit glad nie so nie. Ek beskou die voorstanders van VIDA as die ware en suiwere gestalte van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Die gekaapte Sinode het met sy besluite en optrede ons gewetens gebind en enige uitsig op ’n onpartydige en regverdige aanhoor van ons besware afgesny. Ware kinders van die Reformasie kan nie hulle gewetens so laat bind deur die mag van menslike besluite, vergaderings en groot getalle, en dan omval en niks doen nie.

Al gaan ons op die pad van die vorming van ’n selfstandige klassis, bly ons daarmee, wat ons betref, binne die GKSA en deel van die GKSA. Indien die kerkverband ons egter uitban en aandui dat dit nie meer kerklike gemeenskap met ons wil beoefen nie, sal God ons lei en ons voortgaan om steeds ’n ware en suiwere kerk van sy Seun, Jesus Christus, in hierdie wêreld te wees.

Wim Vergeer
(24 Maart 2018)